HOËRSKOOL WATERKLOOF

KONSERTORKES

WAT BEHELS DIE KONSERTORKES?

Die orkes bestaan uit 45-55 lede en meeste van die musiekinstrumente word bespeel. Hierdie werke word op konsertvlak aangebied. Die musiekrepertoire bestaan uit ‘n verskeidenheid van genres soos byvoorbeeld klassiek, pop, rock, jazz en kontemporêr.

Vir ‘n orkes om goed te klink, moet al die die lede harmonieus saamwerk na ‘n enkel doel en vereis dit van elke lid om die bladmusiek te leer, oefeninge by te woon asook om tuis te oefen. Orkeslede leer die waarde van uithouvermoë en ervaar die konkrete beloning van hulle harde werk asook die genot en satisfaksie.

KONTAKBESONDERHEDE

Jo Ferreira (Orkesbestuurder)
jo.ferreira@klofies.co.za

Gareth Harris
gareth.harris@klofies.co za

ADDISIONELE KOSTE

Klere: Orkeshempie, Fleecy-baadjie, konsertdrag: Dogters: R2100 en Seuns: R1200
Etegelde: R600, Orkeskamp: R2500 en Toere is addisioneel

WIE MAG DEEL WORD VAN DIE ORKES?

Die konsertorkes aanvaar lede van enige hoër- of laerskool in Gauteng wat daarin belangstel om daarvan deel te word. Tans is die jongste lid 12 jaar oud.
Om aan te sluit, moet 'n aspirantorkeslid alreeds sy/haar instrument kan bespeel. Leerders kan by Klofies se Musieksentrum aansluit om aan hierdie vereiste te voldoen. Oudisies word gehou en lede word dan gekeur.

DOELWITTE

Die orkes neem aan interskole byeenkomste, byvoorbeeld Tres Scholatum deel. Deelname aan kunstefeeste en landswye kompetisies is 'n hoë prioriteit.

ONS MAESTRO IS EDDIE CLAYTON!

Eddie Clayton is ‘n bedrywige musiekopvoeder in koperblaas, perkussie en musiekverwerking en begeleiding van alle ouder-domme. Hy het as diensplig tige binne ‘n kort tydperk bevordering tot Musiekdirekteur gekry, die jongste in die geskiedenis van die organisasie. Sy verwerking en toonsettings word nog steeds lands- en wêreldwyd opgevoer. Gedurende sy loopbaan was hy betorkke by vele produksies: Huisgenoot Skouspel, Classics is Groot, SA Tattpp, The Sound of Music om net ‘n paar te noem. Hy ontvang die Naledi-toekenning as Beste Musiekdirekteur van die musiekblyspel ‘Tree Aan!’in 2011. Ons is bevoorreg om Eddie Clayton as ons dirigent by Hoërskool Waterkloof te kan hê.

KOMPETISIES/BYEENKOMSTE

Die orkes is by South African School Band Association (SASBA) geaffilieer. SASBA is die liggaam wat skole se konsert- en marsorkeste op kompetisiesvlak laat meeding en die wenners van elke kategorie ontvang Nasionale Kleure. Die orkesdeelname is jaarliks ‘n hoogtepunt
Nog konserte / produksies wat gehou word soos: Tre Scholarum, deelname aan kunstefeeste, die Universiteit van Pretoria Etensuur, Promenade konsert, Welwillendheidsoptredes
Gala-aand in die Brooklynteater

OEFENTYE

Dinsdae en Donderdae:
14.00 - 17.00
Twee Saterdae per kwartaal:
8.00 - 13.00

#grensloos